# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

## JAARVERSLAG 2024

### 1. SKOOLPROFIEL

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | NAAM: | HOËRSKOOL McLACHLAN |
| 1.2 | EMIS NO: | 200100315 |
| 1.3 | KWINTIEL: | 4 |
| 1.4 | STATUS: | Artikel 21 |
| 1.5 | TIPE: | OPENBARE SKOOL |
| 1.6 | TUISDORP: | JOUBERTINA |
| 1.7 | SKOOLDISTRIK: | SARAH BAARTMAN |

### 2. SLAAGSYFERS EINDE 2023

| | |
|---|---|
| Graad 1: | 100% |
| Graad 2: | 90% |
| Graad 3: | 100% |
| Graad 4: | 100% |
| Graad 5: | 94% |
| Graad 6: | 100% |
| Graad 7: | 94% |
| Graad 8: | 93% |
| Graad 9: | 97% |
| Graad 10: | 76% |
| Graad 11: | 100% |
| Graad 12: | 100% |

### 3. LEERDERGETALLE 2024

| | |
|---|---|
| Seuns: | 172 |
| Dogters: | 209 |
| TOTAAL: | 381 |

### 4. GRADE WAARIN ONDERRIG IS

| | LSEN | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **SEUNS** | 5 | 16 | 11 | 17 | 10 | 12 | 18 | 21 | 7 | 12 | 15 | 14 | 14 | **172** |
| **DOGTERS** | 5 | 14 | 15 | 12 | 27 | 17 | 7 | 21 | 24 | 20 | 26 | 10 | 11 | **209** |
| **TOTAAL** | 10 | 30 | 26 | 29 | 37 | 29 | 25 | 42 | 31 | 32 | 41 | 24 | 25 | **381** |

## 5. POSTEVOORSIENING 2024

| Posbeskrywing | Posbekleër | Vakonderrig | Status | Departementeel SBL |
|---|---|---|---|---|
| 1. Skoolhoof | Vakant | | Permanent | Departementeel |
| 2. Departementshoof (H/S) | Mnr S. Pienaar | WG 10 – 12 | Permanent | Departementeel |
| 3. Departementshoof (L/S) | Mnr B. Vermeulen | NW/Teg 5, 6<br>NW 7, 8<br>Teg 7 – 9 | Permanent | Departementeel |
| 4. Posvlak 1-opvoeders | Me Lizbe Strydom (Gr 1) | Alle vakke | Permanent | Departementeel |
| | Me M de Kock (Gr 2) | Alle vakke | Permanent | Departementeel |
| | Me Tania Potgieter (Gr 3) | Alle vakke | Permanent | Departementeel |
| | Me Elaine Strydom (Gr 4) | Afr 4, Wisk 4 – 6 | Permanent | Departementeel |
| | Me Riana Ferreira (Gr 5) | Afr 5, LV 4 – 6,<br>SW 4 – 6 | Kontrak | SBL |
| | Me Lieshe du Preez (Gr 6) | Eng 4 – 6, Afr 6;<br>NW/Teg 4 | Permanent | Departementeel |
| | Me Anneke Roberts (Gr 7) | Afr 7 – 9, Wisk 7 – 9 | Kontrak | SBL |
| | Mnr Daniel Terblanche (Gr 8) | SW 7 – 9, LO 7 – 9<br>EBW 7 – 9 | Permanent | Departementeel |
| | Me. Sumari Strydom (Gr 9) | EBW 9<br>BS 10 – 12, Rek 10 – 12 | Kontrak | SBL |
| | Mev. Geraldine Strydom (Gr 10) | Afr 10 – 12<br>Toerisme 10 - 12 | Permanent | Departementeel |
| | Mev. Hannemie Scott (Gr 11) | Afr. 10 – 12<br>LO 10 – 12 | Permanent | Departementeel |
| | Me Marie Strydom (Gr 12) | NW 9, LW 10 – 12;<br>LBP 10, 11 | Permanent | Departementeel |
| | Mnr Derek Botha | Wisk 10 – 12<br>FW 10 – 12 | Permanent | Departementeel |
| | Me Janine Kritzinger | Drama 10 – 12<br>Visuele Kuns 10 – 12 | Permanent | Departementeel |
| | Me. Ursula Mey | Eng 7 – 9<br>SK 7 – 9 | Kontrak | SBL |
| | Me Roethilda Oelofsen | Gasvryheid 10 – 12 | Kontrak | SBL |
| | Mnr Martin van Dyk | CAT 10 – 12 | Kontrak | SBL |
| 5. LSOB | Me Aurelia Olivier | LSOB 1 – 5 | Kontrak | SBL |
| | Me Nicola Terblanche | LSOB 6-7 | Kontrak | SBL |
| 6. Assistent opvoeder | Me Zelda Coetzee | Graad 1 | Kontrak | SBL |
| | Me. Zo-lyn Hunter | Graad 2 en 3 | Kontrak | SBL |
| 7. Administratief | Me Daleen Strydom | Ontvangs, skooladministrasie | Permanent | Departementeel |
| | Me Lelanie Ferreira | Finansies | Kontrak | SBL |
| | Me Simoné v.d. Mescht | Admin, LTSM, sport, terrein | Kontrak | SBL |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8. Koshuis | Vakant | | | |
| | | | | |
| 9. Grondepersoneel en skoonmakers | Me Doleen Masimla<br>Mnr Cheetah Elbrecht<br>Mnr Monrouw Basson<br>Mnr Wesley Esau<br>Me Enice Louw | | Permanent<br>Kontrak<br>Kontrak<br>Kontrak<br>Kontrak | Departementeel<br>SBL<br>SBL<br>SBL<br>SBL |
| 10. Busbestuurder | Mnr Wesley Esau | | Kontrak | SBL |

## 6. PERSONEELAANGELEENTHEDE:

'n Opregte dank aan al die onderwysers, administratiewe personeel, grondepersoneel, busbestuurder, skoolbeheerliggaam en borgekomitee vir hulle volgehoue harde, kwaliteitwerk om ons skool se naam hoog te hou en te verseker dat daar aan die toekoms van ons leerders gebou word om 'n suksesvolle volwasse lewe te verseker. Mag hierdie besondere band van samewerking in 2025 voortgesit word.

## 7. AKADEMIE :

Conquesta olimpiade
Jaarliks neem die graad 3- tot graad 9-leerders aan die Conquesta olimpiade deel. Leerders kry die geleentheid om hul kennis in verskeie vakke te toets. Die vraestelle bestaan uit goed deurdagte vrae wat volgens die CAPS-kurrikulum opgestel is.

Hierdie jaar het 'n hele aantal leerlinge deelgeneem. Afrikaans Huistaal, English Additional Language en Wiskunde is die gewildste vakke wat deur die leerders geskryf word. Die leerders van Hoërskool McLachlan het hierdie jaar baie goed gevaar.

Spelkompetisie: Graad 3
Op 12 Junie 2024 is 'n spelkompetisie vir die graad 3-leerders van skole in die Langkloof aangebied. Vyf skole is genooi en elkeen het hul topspellers na hierdie geleentheid gebring. Elke leerder moes 150 woorde oefen en hierdie woorde is op dié dag gevra. Die volgende leerders het as wenners uit die spelstryd getreë:

Derde plek: William Johnston (Hoërskool McLachlan)

Tweede plek: Channuraan Willemse (Louterwater Junior Sekondêre Skool)

Eerste plek: Grace-Lynn Norushu (Hoërskool McLachlan)

Die spelkompetisie was 'n reusesukses en dit gaan beslis 'n jaarlikse instelling word.

## 8. SPORT:

8.1 Atletiek:
Tydens die Kleuresport het die rooi- en geelspan weer op gesonde wyse meegeding. Die spanne se positiewe gees was aansteeklik.

Die rooispan met hul seerower-tema het die meeste punte vir die dag aangeteken. Terwyl die Springbokke, oftewel die geelspan, net so ywerig deelgeneem het, maar moes tevrede wees om die geesbeker met die rooispan te deel. Die aflosse van Vrydagaand het baie

toeskouers gelok en dit was interessant om ook die oud-atlete in aksie te sien. Tydens hierdie byeenkoms is daar 10 rekords verbeter.

‘n Suksesvolle Laerskoolsone-atletiekbyeenkoms is ook op 26 Januarie 2024 deur Hoërskool McLachlan aangebied. Vyf skole het hierdie byeenkoms bygewoon.

SOK :
Hoërskool McLachlan is tydens die 73 ste SOK-atletiekbyeenkoms, wat deur Hoërskool Wittedrif aangebied is, as die algehele wenner aangewys. Dit is die derde opeenvolgende jaar dat ons skool as wenners uit die stryd tree. Die hoërskoolatlete was ook die wenners van die hoërskoolskild, terwyl die laerskoolatlete in die derde plek was. Die 0/14, 0/15 en 0/17 meisies en die seuns 0/12 het die spanbekers gewen.

Die atlete het van vreugde gejuig toe hulle die uitslae hoor. Dit was ‘n riem onder die hart om te sien hoeveel ouers daar was om McLachlan se atlete te ondersteun. Die samesyn en trots om deel van Hoërskool McLachlan te wees het ons afrigters na aan die hart gelê.

Hoërskool McLachlan is besonder trots op twee van ons laerskoolatlete, naamlik Taylin Kapank en EJ Meyer, wat aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe in Polokwane deelgeneem het.

Daar het hulle baie goeie prestasies gelewer.

8.2 Landloop :
Daar was 6 ligas gedurende die kwartaal. Ons atlete het aan drie van die ligas deelgeneem. Die datum het gedurende die jaar verander van Dinsdae na Saterdae. Dit het dit vir ons baie moeilik gemaak om verder deel te neem, aangesien ons nie die bussie tot ons beskikking gehad het nie. Die bussie word gewoonlik bespreek sodra ons die datums kry, maar weens die datum veranderinge was die bussie reeds bespreek vir die netbal en rugby.

Ons atlete geniet dit baie en hardloop baie mooi. Ons is baie trots op hulle. Daar is met die landlooporganiseerders gepraat en hulle sal hulle bes doen om nie weer die datums te verander nie. Ons glo ons sal volgende jaar weer volstoom deelneem.

8.3 Rugby:
Die rugby het aan verskeie sportdae deelgeneem: Die Apple Sauer sportdag, Bulletjie en Blommetjie sportdag, Kermis, HS Paul Sauer sportdag, Gamtoos sportdag, Melktandjie sportdag, Wittedrift Derbydag, Outeniqua, Kirkwood, GLA-naweek, Gamtoos Derbydag en die Stulting sportdag.

Vyf van ons rugbyspelers is tydens die proewe vir die Kougaspan gekies, nl. David Baldie, EJ Meyer, C.J. Claasen, Tashwin Maree en Jaundré Malambo. Tashwin Maree was ook vir die 0/12 OP-rugbyspan gekies.

Die eerstespan het tweede in die 0/19-liga geëindig. Die 0/17-span het aan die "sevens"-toernooi deelgeneem en derde geëindig.

Die 0/13-span het ‘n toer na Kirkwood onderneem, wat hulle vreeslik baie geniet het.

8.4 Tennis:
Laerskool:
Daar was hierdie jaar weer 'n groot groep leerders wat afrigting gekry het by Mnr. Ronnie Petersen, ons professionele tennisafrigter.

Die laerskool tennisspan het aan verskeie toernooie deelgeneem. Ons het by Laerskool Stulting in Humansdorp gaan speel. Dit het baie goed gegaan.

Ons het ook aan 'n naweek toernooi in Plettenbergbaai gaan deelneem. Leerders het baie goeie wedstryde gespeel en goeie ervaring opgedoen.

Daar gaan ook 'n paar van ons leerders eersdaags aan die OOV-proewe deelneem.

Hoërskool:
Die leerders het ‘n goeie jaar gehad tydens die tennisliga. Die kinders het baie potensiaal. Daar is nog baie werk, maar dit lyk baie belowend vir volgende jaar. Ons het in kwartaal 1 en 4 aan die ligas deelgeneem en die leerders het dit baie geniet.

Daar was ook besluit om dié jaar in die 3de kwartaal ook tennis te speel.
Die dogters was onoorwonne in die 1ste kwartaal. In die 3de kwartaal het hulle slegs 1 wedstryd verloor.
Melandrie van der Mescht het deelgeneem aan die OP-proewe en het 19de geëindig vir dogters 0/15.

8.5 Krieket:
Die krieket het ‘n baie goeie seisoen gehad. Die laerskool het baie goed gevaar. Daar is baie talent. Daar is nog baie werk wat voorlê vir 2025.

8.6 Netbal:
Almirah Stephanus (0/13) en Cordé Ntshudu (0/14) het die Oos-Kaap verteenwoordig, in hul onderskeie ouderdomsgroepe, by die “All ages” toernooi.

Die 1ste netbalspan het hierdie jaar 2 toere gehad. Hulle het deelgeneem aan die Despatch sportfees en ook hulle debuut gemaak op televisie. Die 2de toer was die Collegiate netbalfees.

## 9. LANDSDIENS:

Drie van ons leerders was genooi om die provinsiale kamp te Somerset-Oos by te woon. Die volgende leerders het die kamp bygewoon: Amoné Botha, Jan Schoeman en Melandrie van der Mescht. Al 3 die leerders was tydens die kamp gekies as groepleiers. Amoné Botha en Jan Schoeman is verkies tot die nasionale kamp wat plaasvind vanaf 7-12 Desember te Gauteng. Jan Schoeman is ook gekies as een van die provinsiale leiers vir die nasionale kamp. Melandrie van der Mescht is ook verkies tot die nasionale kamp wat plaasvind vanaf 8-14 Desember te Noord–Kaap.

Aktiwiteite wat deur die loop van die jaar gedoen is:

- Handvaardigheid
- “Sweetheart”-projek, waar daar doppies ingesamel is om ‘n rolstoel aan ‘n behoeftige persoon te skenk.
- Nie-bederfbare produkte en toiletware is ingesamel vir Huis Formosa.
- Die bestuurslede het ‘n speletjiesaand aangebied. Die paashaas het ook kom kuier.
- Daar was ‘n kamp by Eersterivierstrand, saam met Hoërskool Framesby, gehou.

## 10. KULTUUR :

Jessica Bester het vanaf 9–11 Mei aan die finale rondte van die Proscenium dramakompetisie by die Kunstekaapteater deelgeneem.

Op 7 Augustus het Olivier Kritzinger, Arné Oelofsen, Jessica Bester, Sesihle Khova, Anlea Ferreira, Lerissa Lubbe, Jurie Kritzinger, Nicola van Jaarsveld en Feyolin Kapank aan die ATKV-tiernertoneel in P.E. deelgeneem. Die akteurs kry brons en die klank en beligting kry silwer.

Biblioteek:
Ons graad 3 – 6 leerders het ook weer hierdie jaar die biblioteek flink besoek. Hulle kon elke twee weke ‘n boek van hul keuse uitneem. Tussen die 120 leerders het hulle hierdie jaar 1680 boeke gelees! Dit is veral die Engelse reekse soos bv. Horrible Histories, wat baie gewild is by die leerders. Ons biblioteek het egter ‘n groot behoefte aan nuwe Afrikaanse leesstof en beoog om in 2025 ons voorraad aan te vul.

Storieleesfees:
Ons leerders neem elke jaar deel aan die ATKV se storieleesfees waartydens grade 1 – 9 leerders boeke moet lees en daarna hul gunstelingboek en illustrasies kies. Altesaam 255 leerders het deelgeneem aan die uitdaging en dit, soos elke jaar, baie geniet. As bonus ontvang ons skool die boeke gratis, asook ‘n geskenkbewys om nog boeke aan te koop.

Stultingkunstefees:
Leerders het op 13 en 14 Mei aan die Stultingkunstefees in Humansdorp deelgeneem in die drama, musiek en dansafdelings. Al die deelnemers het puik presteer.

In die drama- en musiekafdeling is die volgende sertifikate toegeken:

- 11 Silwer sertifikate; 8 goue sertifikate en dan 2 goue sertifikate(A++) vir die gr. 5 spreekkoor en vir Maundry Jantjies, vir sy monoloog.
- Tertius Kritzinger het Goud gekry vir sy blokfluitspel.

In die dansafdeling het Melandrie van der Mescht, Goud(A++), vir haar Hip-hop-vertoning gekry.

Van die leerders het ingeskryf as deel van hul dansstudio, Little Karoo Dance. Amy Labuschagne het Goud(A++) gekry, 1 goue sertifikaat en 2 silwer sertifikate is toegeken vir individuele optredes. Die Hip-hop-groep en Tap-groep het elk ‘n goue sertifikaat losgedans.

ATKV:
Bestuurspan van 2024:

| | |
|---|---|
| Anlea Ferreira | Voorsitter |
| Samuel Snyder | Onder-voorsitter |
| Ria-Mi Ferreira | Sekretaresse |
| Suné Thalie | Tesourier |
| Celine Maarman | Sosiale Media |

Ons het vanjaar verskeie projekte gehad. Van fliekaande tot ons jaarlikse Makietie. Geld is vir kanker en gestremde mense ingesamel. Ysies is in die somer en "hot chocolate" in die winter verkoop. Blikkieskos is ingesamel en vir Huis Formosa geskenk. Kompetisies is gehou van wie die beste inkleur tot wie die beste foto's kan neem. Leerder het soos hulle gunstellingstorieboekkarakters aangetrek en vrolike sokkies gedra. Ons het ons onderwysers se harde werk beloon deur vir elkeen 'n beker te gee, wat die ATKV geskenk het. Gereelde vergaderings is gehou. Vir spanbou het die bestuurspan by Stormsrivier gaan stap.

## 11. LAERSKOOL BESTUURSKOMITEE

Die tien Laerskool Bestuurskomiteelede het die afgelope jaar as leiers gegroei en hul leierseienskappe uitgeleef. Goeie dissipline is deur hulle toegepas.

Verskeie projekte is aangepak. Aan die begin van die jaar is al die graad eens, nuwe leerders en onderwysers met ‘n geskenkie verwelkom. Die ouers van die BK-lede het besonder hard gewerk vir die jaarlikse Valentynsdans. Die tema is uitstekend uitgebeeld en die saal en fotohoekie was pragtig opgetower. Saam met die VRL was hulle ook verantwoordelik vir die aanbieding van die mnr. en mej. McLachlan glansaand. Tydens die kermis het die Laerskool bestuurskomitee met die Kinderkarnaval, speletjies aangebied. Dit was ‘n baie suksesvolle projek wat goed deur die leerlinge ondersteun is. Gedurende die jaar was die BK- en VRL-lede ook daarvoor verantwoordelik om die onderwysers, administratiewe personeel en werkers tydens hul verjaarsdag met ‘n geskenkie te bederf.

Die personeel van Hoërskool McLachlan wil die lede en ouers van die Laerskool Bestuurskomitee hartlik bedank vir hul ondersteuning en harde werk van die afgelope jaar.

## 12. VRL:

Die VRL van 2024 het in kwartaal 1, die jaarlikse Valentynsdans op die 14de Februarie in die George McLachlansaal gehou. Hierdie jaar het hulle ook besluit om weer op 14 Junie ‘n Wintersokkie in die skoolsaal te hou. Die leerders het met baie lof van die twee byeenkomste gepraat. Mnr. en mej. McLachlan was ook deel van ons jaarlikse aktiwiteite. Dit sou oorspronklik in kwartaal 2 plaasgevind het, maar weens onvoorsiene omstandighede en die Pinksterweek was dit geskuif na 18 Julie. Dit was ook ‘n reusesukses.

Die UK en graad 11 VRL-lede het ook ‘n FEDSAS-opleiding op 24 Julie in die skoolsaal bygewoon. Dit was ‘n baie insiggewende opleidingsessie. Almal se rolle, in die skool en gemeenskap, was duidelik aan ons verduidelik/uitgebeeld, dit het ook leerders en onderwyser se rolle beskryf en die verhouding tussen die betrokke partye mooi uiteengesit.

Ons, saam met die landsdiens en BK, het in kwartaal 4 die toiletware- en blikkieskosprojek aangepak. Hierdie projekte was ten bate van Huis Formosa.

## 13. VCSV:

Daar was 22 kringleiers in gr. 10, 11 en 12.

## 14. <u>FONDSINSAMELINGSPROJEKTE</u>:

Verskeie fondsinsamelingsprojekte is in 2024 geloods:

- Gholfdag
- Strawdogs
- Steakete
- Seňor Chef
- Karoo to Coast
- Bloeiselfees
  Ek wil hiermee almal wat by die jaarlikse bloeiselfees en boeredag betrokke was, hartlik bedank.
  Name kan nie uitgesonder word nie – daar was eenvoudig te veel mense wat uit hul pad gegaan het om dit ‘n uiters suksesvolle fees te maak.
  Tog moet Ruaan Strydom spesiaal uitgelig word wat al die reëlings op hom geneem en gekoördineer het. Jy is ‘n ware staatmaker en Hoërskool McLachlan salueer jou. BAIE DANKIE!

Baie geluk aan al die leerders en personeel met die suksesse van 2024. Dankie vir almal se betrokkenheid, om meer as net die nodige te doen en sodoende lewens te verryk en waardevolle ervaring te deel.

- aan elke lojale en betrokke ouer vir hul ondersteuning;
- aan die OOV onder leiding van mev. Charleen Botha;
- die beheerliggaam onder leiding van Jan Schoeman;
- die borgekomitee onder leiding van Marina Kritzinger en
- die personeel.

Bou voort op die suksesse van 2024 en streef daarna om in 2025 nog groter hoogtes en groter deelname aan aktiwiteite te bereik.

*'n Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar word u toegewens.*

S. Pienaar

S. PIENAAR
**WND. SKOOLHOOF: HS McLACHLAN**

Hoërskool McLachlan